

Vryheidsdag 'n konstante herinnering dat demokrasie sonder toewyding kan vergaan

Nico Koopman*

In 2022, is ons herdenking van Vryheidsdag (27 April) ook 'n viering van jare van demokrasie in Suid-Afrika. Ons moet volhou om ons demokrasie te koester en te ontwikkel, want dit kan nie sonder die toewyding en verbintenis van landsburgers en leiers floreer nie.

Hierdie verbintenis kom in veelvuldige vorme na vore. Ons moenie die visie, droom, verwagtings en passie vergeet wat ons vir demokrasie gehad het toe Nelson Mandela, Oliver Tambo en ander leiers uit die gevangenis vrygelaat is, toe vryheidsbewegings ontban is, toe 'n tussentydse grondwet vir die nuwe Republiek beding is, en toe die eerste demokratiese verkiesings plaasgevind het nie. Ons weet demokrasie is nie perfek nie, en dat dit ten beste die "minste slegte" vorm van menslike regering is wat ons het. Demokrasie het egter wel 'n perfekte en eerbare visie. Hierdie visie kan gefraseer word as 'n lewe van waardigheid vir almal, genesing vir almal, vryheid vir almal, geregtigheid vir almal en gelykheid vir almal. Ons moet hierdie droom lewendig hou. Ons moet ons energie kanaliseer en ons kulturele, geestelike, sosiale, ekonomiese en intellektuele hulpbronne gebruik om hierdie droom te bewaarheid. Ons het die vryheid om dit te doen.

Ons moet teen die indoktrinering van mense waak, maar dit is belangrik dat Suid-Afrika 'n kollektiewe lojaliteit vir ons land ontwikkel, asook vir die visie en waardes, ideale en beginsels van ons Grondwet van 1996. Die Amerikaanse teoloog Donald Shriver het 'n gesonde lojaliteit van burgers vir hul land aangemoedig. Een van sy boeke, *Honest Patriots* (2006), het die betekenisvolle subtitel, *Loving your country enough to name its misdeeds*. Dit beteken ons kan 'n patriotisme bou wat nie onkrities en blind is vir die onregte van ons land nie. Ek hoor nie genoeg liefdes- en patriotiese taal in Suid-Afrika nie.

Ten slotte ...

Demokrasie kan meer inklusief word indien leiers en burgers 'n etos van omgee toepas. Vyf lede van 'n oorspronklike Londense leesgroep, Andreas Chatzidakis, Jamie Hakim, Jo Littler, Catherine Rottenberg en Lynne Segal, pleit in hul inisiatief en publikasie, *The Care Manifesto*, dat omgee op die sentrale verhoog geplaas moet word in die lig van ons interafhanklikhede wat in die samelewing bestaan. Politiek, verwantskappe, gemeenskappe, regerings, ekonomieë en ekologieë wat omgee moet ontwikkel word. Dan sal demokrasie floreer. Die bekende feministiese politieke wetenskaplike, Joan Tronto, bou in haar 2013-werk, *Caring democracies: Markets, Equality and Justice*, voort op haar vroeëre werk oor 'n etiek van omgee. Sy pleit ook vir 'n demokrasie van omgee waarin nie net individue ons omgee-verantwoordelikhede nakom nie, maar waar markte ook omgee-markte is en waar politiek omgee-politiek is. Vir demokrasie om te floreer moet 'n groterwordende wêreldwye kultuur van traak-my-nieagtigheid oorkom word. Hierdie omgee moet toegepas word deur jouself te help en jou eie hulpbronne te gebruik in die intieme sirkel van die kern- en uitgebreide gesin, as liefdadigheid in die geval van 'n paar uitgesoekte individue en groepe, maar ook as offer-deernis en -geregtigheid aan almal deur alle stelsels van die samelewing.

Wanneer ons Vryheidsdag vier, moet ons onself daaraan herinner dat ons toewyding ook die waagmoed om aan te hou hoop, moet wees. Hoop beteken om te weier om die huidige stand van sake vir lief te neem, maar om jou nuwe moontlikhede voor te stel en om daarvoor te werk om

daardie moontlikhede te laat materialiseer; moontlikhede soos samelewings van waardigheid, genesing, geregtigheid, vryheid en gelykheid vir almal.

- Klik [hier](#) om die volledige artikel soos geplaas te lees.

****Prof Nico Koopman is Viserektor: Sosiale Impak, Transformasie en Personeel aan die Universiteit Stellenbosch.***